No. 2821 31 Desember 1981

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE KRUGERSTOELE IN DIE PAUL KRUGERKERK (GEREFORMEERDE KERKGEBOU) TE KERKSTRAAT-WES, PRETORIA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die twee Krugerstoele in die Paul Krugerkerk (Gereformeerde Kerkgebou) te Kerkstraat-Wes, Pretoria, soos hieronder beskryf, tot nasionale gedenkwaardighede.

*Beskrywing*

Die twee kerkstoele bekend as die Krugerstoele, synde roerende voorwerpe wat gehuisves word in die Gereformeerde Kerkgebou, geleë aan Kerkstraat-Wes op die eiendom bekend as Erf 352, Pretoria, en wat onderskeidelik aan die volgende beskrywings voldoen:

(a) Die kerkstoel van okkerneuthout wat volgens oorlewering deur president S. J. P. Kruger tydens eredienste gebruik is. Die wapenskild van die Zuid-Afrikaansche Republiek is op die rug van die stoel uitgekerf en op die linker-armleuning is 'n metaalplaatjie aangebring waarop die volgende inskripsie gegrafeer is: "Kerk stoel van wyle president Kruger";

(b) die kerkstoel van mahoniehout wat volgens oorlewering deur Gezina Kruger, eggenote van president S. J. P. Kruger, tydens eredienste gebruik is. Op die regter-armleuning is 'n metaalplaatjie aangebring waarop die volgende inskripsie gegrafeer is: "Kerk stoel van wyle mevrou president Kruger".

*Historiese belang*

Hierdie kerkstoele is volgens oorlewering deur president S. J. P. Kruger en sy eggenote Gezina tydens eredienste gebruik. Die stoele is simbolies van Kruger se godsdienstige toegewydheid en 'n intieme herinnering aan die invloed wat sy Christelike beginsels op die staatsbestuur van die Zuid-Afrikaansche Republiek gehad het.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 2822 31 Desember 1981

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE EIENDOM MET DIE WOONHUIS DAAROP, GELEË TE PRESIDENTSTRAAT 58, VRYHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die woonhuis daarop, geleë te Presidentstraat 58, Vryheid, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom, tesame met die woonhuis daarop, synde die restant van Perseel 209, Vryheid Dorpsgronde, geleë in die munisipaliteit Vryheid, distrik Vryheid, provinsie Natal en groot een (1) acre, agtien komma sewe drie nul (18,730) "perches".

Transportakte 3655/1965, gedateer 24 Maart 1965.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie imposante woonhuis wat in 1920 opgerig is, is 'n goeie voorbeeld van die Tudor-herlewingstyl. 10/2/894.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

---

No. 2821 31 December 1981

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE KRUGER CHAIRS IN THE PAUL KRUGER (GEREFORMEERDE) CHURCH IN CHURCH STREET WEST, PRETORIA

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the two Kruger chairs in the Paul Kruger (Gereformeerde) Church in Church Street West, Pretoria, as described below, to be national monuments.

*Description*

The two church chairs known as the Kruger chairs, being movable objects housed in the Gereformeerde Church building situated on Church Street West on the property known as Stand 352, Pretoria, and which are respectively described as follows:

(a) The walnut church chair which, according to tradition, was used during church services by President S. J. P. Kruger. The coat-of-arms of the South African Republic is carved into the back of the chair and on the left-hand armrest is affixed a metal plate bearing the following inscription: "Kerk stoel van wyle president Kruger";

(b) the mahogany church chair which, according to tradition, was used during church services by Gezina Kruger, wife of President S. J. P. Kruger. On the right-hand armrest is affixed a metal plate bearing the following inscription: "Kerk stoel van wyle mevrou president Kruger".

*Historical interest*

According to tradition these church chairs were used during church services by President S. J. P. Kruger and his wife Gezina. The chairs are symbolic of Kruger's religious devotedness and an intimate reminder of the influence that his Christian principles had on the government of the South African Republic.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

---

No. 2822 31 December 1981

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PROPERTY WITH THE DWELLING-HOUSE THEREON, SITUATED AT 58 PRESIDENT STREET, VRYHEID

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property with the dwelling-house thereon, situated at 58 President Street, Vryheid, to be a national monument.

*Description*

The property together with the dwelling-house thereon, being the remainder of Lot 209, Vryheid Township, situate in the Borough of Vryheid, District of Vryheid, Province of Natal, and measuring one (1) acre, eighteen comma seven three nought (18,730) perches.

Deed of Transfer 3655/1965, dated 24 March 1965.

*Historical and architectural interest*

This imposing dwelling-house that was erected in 1920 is an excellent example of the Tudor-revival style. 10/2/894.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.